KANTOOR VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER
BERGRIVIER MUNISIPALITEIT
POSBUS 60
PIKETBERG
7320

# NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE SPESIALE VERGADERING GEHOU OP MAANDAG 30 JANUARIE 2017 OM 11:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG.

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. EB Manuel | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. RM Van Rooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | - | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | - | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. JA van Niekerk | - | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. H Kröhn | - | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. NJ Scheepers | - | Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste |
| Mev. CC Cloete | - | Senior Tikster |

AKSIE

**BKN037/01/2017**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Direkteur Finansiële Dienste open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal verwelkom.

***

**BKN038/01/2017**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Bestuurder: Strategiese Dienste – verskoning
Interne Ouditeur - verlof

***

**BKN039/01/2017**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hul geen persoonlike belange, met betrekking tot die items in die agenda, het nie.

***

**BKN040/01/2017**
**VERKLARINGS/MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER EN DIE MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Munisipale Bestuurder lig die komitee in dat die MINMAY-vergadering op Vrydag 27 Januarie 2017 plaasgevind het, waar die "upper limits vir Raadslede" 'n besprekingspunt was.

Sy meld verder dat sy elektronies die nota's/besprekingspunte, ter inligting aan die Burgemeesterskomitee gestuur het.

Ten slotte meld sy dat finale terugvoering met betrekking tot die "upper limits" teen middel Februarie ontvang sal word, waarna die administrasie 'n verslag sal voorlê vir oorweging deur die Raad.

***

**BKN041/01/2017**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN042/01/2017**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN043/01/2017**
**DRINGENDE SAKE / VERSLAE VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN044/01/2017**
**AANSTELLING VAN DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**4/1/2/5**
***(Items soos voorheen elektronies aangestuur word ter tafel gelê tesame met 'n gewysigde advertensie – Aanhangsel A).***

Die Munisipale Bestuurder gee 'n bondige opsomming met betrekking tot die item onder bespreking. Sy meld dat daar wetlike raamwerke is waarvolgens die aanstelling gemaak moet word.

Vrae/insette word deur die komitee gelewer met verwysings na:

- Plasing van advertensie op webtuiste (Engels);
- Graad van Munisipaliteit;
- Puntetoekenning; en
- Onderhoudsvrae en aanbiedinge.

Die komitee versoek dat die volgende byvoegings op die advertensie gemaak word naamlik:

- Dat voornemende kandidate ten minste rapporteer aan 'n Artikel 56 aanstelling of gelykwaardig; en
- Indien binne 30 dae geen terugvoer ontvang word nie, moet kandidaat aanvaar dat hy/sy onsuksesvol is.

**BESLUIT:**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die implementeringsplan goedkeur;
2. Dat die gewysigde advertensie oorweeg word aan die hand van alle relevante wetgewing en goedgekeur word vir advertering in die geïdentfiseerde media;
3. Dat die samestelling van die paneel aanbeveel word, soos in die verslag uiteengesit in paragraaf 5; en
4. Dat beide vakbonde versoek word om teen 10 Februarie 2017 hul verteenwoordiger te benoem en deur te gee aan die Munisipale Bestuurder.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**BKN045/01/2017**
**IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**BKN046/01/2017**
**IN KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN047/01/2017**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING/KENNISNAME**

Geen

***

**BKN048/01/2017**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING/KENNISNAME**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 11:50***

***BEKRAGTIG AS 'N WARE WEERGAWE VAN DIE VERRIGTINGE***

| | |
|---|---|
| ***VOORSITTER*** | ***DATUM*** |
| ***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)*** | |

***